Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Augustus 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die weerklank van die Woord in die uithoeke van die aarde

Totaal verdorwe, totaal vernuwe

"Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly."

– 2 Korintiërs 4:17

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag binne agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 119, NO. 3315 - Augustus 2017

In hierdie uitgawe

2 VAN DIE REDAKTEUR
Ons belydenisskrifte: weerlegging van die dwaling (2)

4 UIT DIE WOORD
'n Mens sterf op rype ouderdom

7 REDAKSIONEEL
Calvyn en die kerk

8 BRANDPUNT
Gee vir ons mense met wysheid!

FOKUS
10 Die weerklank van die Woord
12 Die ou Hervorming moet steeds nuut wees
14 Gesprek met "oom Angus"
16 Godsdiens in skole ... die uitspraak van 28 Junie 2017

ANDER
18 Uit diep van donker nagte
20 Kuratorerapport Junie 2017
22 Dat ons weer almal een sal wees ...
24 Oos wes, tuis bes in Bredasdorp

26 BOEKBESPREKING
The Deacon

28 Personalia / Wel en Wee
29 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Ons belydenisskrifte:

• weerlegging van die dwaling (2) •

In aansluiting by die artikel in die *Julie 2017*-uitgawe, noem ons in hierdie artikel nog ’n aantal dwalinge waarteenoor ons belydenisskrifte die ewige waarheid van God se Woord in geloofstaal verwoord.

Gesag van die Woord

In die 16de eeu het sowel die Roomse Kerk as die Anabaptisme die gesag van die Woord in die gedrang gebring. Rome het aan die kerklike tradisie, pouslike uitsprake ensovoorts, dieselfde gesag as aan die Woord toegeken, al was dit dikwels direk in stryd met die Woord. Die Anabaptisme het aan sekere dele van die Nuwe Testament meer gesag toegeken as aan die res van die Bybel, maar het verder ook ruimte gelaat vir buite-Bybelse openbaringe. Vandag handhaaf die Pentekostalisme en ander groepe steeds dieselfde dwaling. En dan is daar, selfs by sekere “gereformeerde” teoloë, die opvatting dat die Bybel eintlik ’n mensewoord is, ’n woord oor God.

Teenoor al hierdie dwalinge bely ons veral in Artikels 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die Goddelike gesag, inspirasie, duidelikheid en genoegsaamheid van God se Woord.

Godheid van Christus

Die ketter Arius het reeds in die vierde eeu geleer dat Christus net ’n skepsel is. Vandag word die Godheid van Christus ontken deur onder andere die Jehovah-getuies, die Moslems en die Mormone, maar ook deur sekere teoloë.

Wat ons belydenis betref, word hierdie dwaling in die duidelikste taal weerlê, onder andere in Artikel 19 NGB, Sondag 5 en 6 van die Heidelbergse Kategismus, en die Belydenis van Nicea. As Christus nie tegelykertyd ware God en ware, regverdige mens is nie, dan was Hy nie ons Middelaar en Verlosser nie. Ons bely Hom as “God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God … een in wese met die Vader” (Nicea).

Drie-eenheid

Dieselfde mense en groepe wat die Godheid van Christus ontken, ontken ook die Drie-eenheid. Dink aan die groei en bedreiging van die Islam (Moslems) in Afrika en die res van die wêreld.

Hierteenoor bely ons die enige ware God, Vader, Seun en Heilige Gees, drie Persone in een Wese. In Sondag 8 van die Heidelbergse Kategismus kry ons een van die mooiste geloofsantwoorde op die vraag: “Terwyl daar maar tog net een enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?” *Antwoord: “Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.”*

En gaan lees asseblief die aangrypende Belydenis

van Atanasius waar ons tot drie maal bely dat hierdie leer die leer van die saligheid is en dat iemand wat dit nie heeltemal en ongeskonde bewaar nie, sonder twyfel ewig verlore sal gaan.

Kinderdoop

Die direkte aanleiding vir die ontstaan van die Anabaptisme (wederdopers) in die 16de eeu (ongeveer 1520) was die leer oor die kinderdoop wat deur hulle verwerp is. Die historiese lyn van die Anabaptisme na die Pentekostalisme van vandag kan onteenseglik aangetoon word. Die dwaling van die verwerping van die kinderdoop berus op verkeerde Skrifuitleg, verwerping van die Bybelse verbondsleer en 'n skeiding tussen Ou en Nuwe Testament.

Die duidelikste belydenis oor die waarheid van die kinderdoop vind ons in Vraag/Antwoord 74 van die Heidelbergse Kategismus. Ons kinders behoort net soos hulle ouers aan die verbond, en daarom geld ook die beloftes van die verbond vir hulle (die belofte van verlossing van hulle sondes deur die bloed van Christus en die belofte van die Heilige Gees wat die geloof werk). Van hierdie verbond is die doop 'n teken en seël.

Uitverkiesing, vrye wil, erfsonde

Weereens is dit die Anabaptisme van die 16de eeu, die Pentekostalisme vandag, asook talle ander groepe (bv. die Arminiane teen wie se dwaling die Dordtse Leerreëls opgestel is) wat die Bybelse leer van die uitverkiesing en die erfsonde verwerp en daarteenoor leer dat die mens 'n vrye wil het om self te besluit oor en mee te werk aan sy/haar saligheid.

Op grond van Skrifgedeeltes soos Job 14:4, Psalm 51:7, Handelinge 13:48, Romeine 9 ensovoorts, bely ons onder andere in Sondag 3 en 7 van die Heidelbergse Kategismus, Artikel 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, en in die Dordtse Leerreëls die totale verdorwenheid van die mens, die onvoorwaardelike uitverkiesing, die beperkte versoening, die onweerstaanbare genade en die volharding van die gelowiges.

Kerk

Die Anabaptisme het sowel die kerk van Rome as die Protestantse kerke van die Reformasie verwerp. Vandag bestaan daar die mees uiteenlopende en onbybelse opvattings oor die kerk. Splintergroepe skiet soos paddastoele op. Die liggaam van Christus was nog nooit meer verskeurd nie. Hoeveel dominees kan vertel van lidmate wat die kerk verlaat om by een of ander charismatiese groep aan te sluit.

Ons bely ons geloof aan die een, heilige, algemene en apostoliese kerk (Apostoliese Geloofsbelydenis, Nicea). En gaan lees asseblief weer Artikels 27-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis om u geloof aan die wese en merktekens van die ware kerk te verfris.

Opstanding van Christus

Reeds direk na die opstanding van Christus is die leuen versprei dat Hy nie werklik opgestaan het nie (Matt. 28:12-14). Vandag is daar 'n groeiende aantal teoloë wat die opstanding bevraagteken of verwerp. Ander leer dat die opstanding slegs beteken dat Christus "in jou hart" moet opstaan.

Die Skrif is oor die opstanding van Christus, behalwe in die Evangelies, onder andere in die bekende 1 Korintiërs 15 baie duidelik. En op grond van die Skrif bely ons in Sondag 17 van die Heidelbergse Kategismus slegs die nut van Christus se opstanding (LET WEL NIE OF HY OPGESTAAN HET NIE).

Ten slotte

Dit moet vir ons duidelik wees: Die dwaling is steeds springlewendig. Daarom is ons belydenisskrite meer relevant as ooit. Die tyd van 2 Timoteus 4:3, 4 het gekom: "Daar kom 'n tyd wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle ore gestreel wil word deur wat hulle hoor, sal hulle vir hulleself leermeesters na eie begeerte uitsoek. Hulle sal hullle doof hou vir die waarheid en hulle tot versinsels wend. Waar die suiwere leer verwaarloos word, moet die leuen en die valse leer noodwendig ingang vind. CFCC

Prof. IW (Naas) Ferreira (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die weerklank van die Woord ...

Die missionale hartklop van 'n reformerende kerk

'n Slim-sin (*moontlik van CJ Langenhoven*), wat praat oor *"blink skoene"* en *"liddoring-voete"*, word die palet waarop ek die kontras-kleure van 'n paar nadink-woorde oor hierdie belangrike tema wil meng. As jy saam met my gaan nadink oor die grootsheid van hierdie saak, moet jy asseblief ná die tyd ook saam met my bid vir hierdie, nog onvoltooide, roeping van God se kerk.

Ons *"blinkskoen"*-belydenis: God se globale missionale fokus – missio Dei

Die fokus op die missionale begin reeds voor die skepping van die wêreld (Ef. 1:3-6). Dit is die rede waarom die heel eerste evangelie-roep van God direk ná die sondeval reeds in die paradys gehoor word. *"Waar is jy?"* (Gen. 3:9). God roep na die mens wat in sondeverlorenheid probeer om vir Hom weg te kruip.

Die eerste twee mense se sonde-opstand in die paradys vind sy vergrote bevestiging by die toring van Babel as die hele mensheid God nou as't ware in hulle soeke na mensgemaakte eenheid uitdaag. Babel sou in die Bybelse geskiedenis Babilon word – die stad in opstand teen God. God se oordeel-antwoord is die mensheid se wegstuur in 'n taalverwarring na 'n kulturele veelheid tot by die eindes van die aarde.

Tog is daar ook 'n genadige uitreik ná hierdie opstandige mensheid wanneer God in Genesis 12 vir Abram roep met die uitdruklike fokus op God se seën wat vir al daardie nasies bedoel is. Dit is die missio Dei (God se sending) en Hy betrek sy uitverkore volk daarby. Die volk wat Hy in Egipte versamel en uit Egipte verlos, word bestem om in die ontvouende geskiedenis van die wêreld van daardie tyd 'n *"stad op 'n berg"* te wees en 'n *"lig vir al die nasies"* (Jes. 49:6).

Die volk Israel het hulleself egter herhaaldelik in 'n hartseer selfgerigtheid en afgodsdiens toegedraai en sodoende God se globale missionale doel met hulle lewe teengestaan. God het uiteindelik deur die ballingskap hierdie globale missionale fokus herbevestig. Dit gaan nie oor Israel nie, maar oor die hele aarde en alle mense. Die hele wêreld met al die volke moet voorberei word vir Jesus Christus se eerste koms na die aarde. Ook die ballingskap van God se volk het 'n globale missionale fokus.

Dit word deur Jesus Christus ná sy opstanding herbevestig. Hy ontmoet sy dissipels as 'n almagtige Koning (Matt. 28:18) wat hulle met 'n duidelike en omvattende opdrag (Matt. 28:19-20), 'n heerlike belofte van sy oneindige teenwoordigheid (Matt. 28:20) asook 'n doelmatige toerusting vir die uitvoering van hulle opdrag as gestuurdes (apostels) uitstuur (Hand. 1:8; 2:4). Die eindes van die aarde en alle mense van die wêreld moet in hierdie "laaste dae" deur die kerk van Jesus Christus met die evangelieboodskap bedien word. Dit word die *missio ecclesiae* (kerk se sending) genoem. Die boodskap aan die hele wêreld en elke mens: *"Waar is jy?"* (Gen. 3:9; Joh. 3:16).

Die GKSA en ons *"liddoring-voete"*

Dit is alreeds meer as 2000 jaar later. Reeds in 1986 het prof. Bouke Spoelstra verklaar: *"Die GKSA het in sy strukture gestol."* Dit is in 1990 deur prof. Lambert Floor bevestig toe hy geskryf het dat die GKSA *"weinig bewus is van sy missionêre roeping"*. Prof. MA Kruger het in dieselfde jaar (1990) opgemerk dat *"die GKSA se kerke vaskyk teen die muur wat rondom die plaaslike gemeente opgerig is"*. Prof. Koos Vorster het in 1996 verwys na 'n GKSA *"sendingstilstand"* en het gesê dat die GKSA op 'n *"verbypad is, verby die samelewing en al sy woelinge"*.

In 'n deputaterapport het Sinode 1997 dit erken: *"Die GKSA was nog nooit juis evangeliserende kerke nie."* Daarna het nog rapporte en beskrywingspunte gevolg; 'n *"Omkeerstrategie"* en nou word dit *"Kerkgroeibediening"* genoem. Sedert 1990 het die GKSA 21 minder predikante, 11 000 minder belydende en meer as 13 000 minder dooplidmate oor (en dit nadat die ander Sinodes se getalle intussen ook bygevoeg is).

Ons ook in "ballingskap"?

Hoe vreemd het ons eie wêreld nie vir ons geword nie. *"Bywoners en vreemdelinge"*, het die apostel Petrus die kerk van Jesus Christus genoem (1 Pet. 2:11). Is dit nie maar ook *"ballinge"* nie? Ons is vreemdelinge in 'n wêreld wat elke dag net vreemder word. Die gevaar is dat ons nostalgies na gister gaan terugverlang. Ballinge wat in hierdie vreemde wêreld oor *"liedere"* debatteer en oorweeg om *"siters"* op te hang (Ps. 137); wat preek wat mense vandag graag wil hoor (Jer. 28), terwyl ons ook eerder moet besef dat God ons juis nou in hierdie vreemde wêreld wil *"missionaliseer"*. Om ook hier – in die Babilon van ons eie tyd – die voordeel (shalom) van die stad te soek (Jer. 29). Die eindes van die aarde is nie meer daar ver oorkant die see en anderkant veraf wêreldgrense nie, maar oorkant die straat en net om die hoek. Ongemaklik en onvermydelik naby.

Kom ons trek ons skoene uit. Hierdie is *"heilige grond"*

Voordat ons met *"blink skoene"* die Reformasie hierdie jaar gaan gedenk, moet ons dalk net eers verootmoedigend ons skoene uittrek. Kom ons kyk na ons voete. Om te praat oor die missio Dei is inderdaad *"heilige grond"*. 'n Reformerende kerk kan nie anders as om *"missionaal"* te lewe nie, want 'n reformerende kerk het deel aan God se missie.

'n Reformerende kerk is deeglik bewus van die feit dat God weereens besig is om die hele wêreld en alle mense op aarde voor te berei vir die tweede koms (die wederkoms) van Jesus Christus. Dit is die rede waarom ons wêreld so omgekeer word. 'n Reformerende kerk dra egter die volle wapenrusting van God, ook die regte skoene: *"... en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede ..."* (Ef. 6:15).

Kom ons bid saam vir Sinode 2018 en wat hieroor gesê sal moet word. DK

Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)

Godsdiens in skole ...

die hofuitspraak van 28 Junie 2017

Verbondsonderrig, godsdiensonderrig en verantwoordelike ouerskap in die opvoeding van ons kinders is nog altyd aktueel en vir die gelowige ononderhandelbaar. Die afgelope tyd het die samelewing gegons oor die hofsaak oor godsdiens in skole wat van 15 tot 17 Mei 2017 in die konstitusionele hof aangehoor is. Die uitspraak ná die hofsaak het meer verwarring as duidelikheid gebring. Moet ons juig of moet ons treur?

In hierdie artikel hanteer ek nie die prinsipiële sake rondom verbondsonderwys nie; ek beperk my in die deurgee van sake rondom die hofsaak. So kan ons saam verder oor hierdie uiters gewigtige saak besin.

Agtergrond

Die Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie (OGOD) rig sy aanslag teen ses skole in besonder, en vra die hof om op grond van die handelinge van hierdie ses skole:

- godsdiensbeoefening ongrondwetlik te verklaar; skole wat godsdiensbeoefening toepas, is in stryd met die nasionale beleid en onderrig;
- te eis in 'n reeks van 74 interdikte dat godsdiensbeoefening algemeen verbied moet word.

Hierdie hofsaak is van 15 tot 17 Mei 2017 aangehoor. Terwyl die meeste van ons skole in vrede en onskuld ewe geduldig voortgaan met hulle dagtaak, word hulle etos, karakter en geloofsoortuiging in die hof aangehoor. Die ontwikkeling van die hofsaak is nie vreeslik interessant nie. Dit is, om die waarheid te sê, inhoudelik so vaal dat baie sal wonder waaroor die bohaai eintlik gaan. Tog is die implikasie van hierdie hofsaak wesenlik, en daarom is die uitspraak angstig afgewag. As die applikante sou kry wat hulle wou hê, sou dit die heel droewigste dag in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse onderwys wees. Vir die gelowige is Christelike onderwys tog ononderhandelbaar.

Die hofsaak verloop oor drie dae. Dag 1 het die aanvoerders hulle kant van die hofsaak gestel, baie sterk beklemtoon dat skole neutraal moet wees en godsdiens nie by die skool bedryf moet word nie. Dag 2 het aan die verdediging behoort. Die vryheid en reg binne die Grondwet is beklemtoon en menslik gesproke die beste argumente wat kon gebruik word, is gebruik om te probeer beskerm en behou wat ons het. Wat wil ons behou? Die voorreg om Christus te kan dien, ook by die skool, deur die personeel, die kurrikulum, skooldag en skoolbestuur. Dag 3 word afgesluit met laaste argumente en betoë.

In kort: OGOD vra dat alle godsdiensbeoefening in skole gestop word. Die verdediging antwoord dat dit tog nie kan nie.

Die uitspraak

Op 28 Junie kom die uitspraak. Dadelik is dit duidelik dat die uitspraak 'n spanning in homself bevat. Daarom is die reaksie so vreemd. Wat gevra is, is nie geantwoord nie. Wat wel geantwoord word, is die volgende: 'n Openbare skool mag nie een geloof bo 'n ander bevoordeel nie. Ook mag 'n skool nie uitsluitlik een geloof ondersteun nie. Artikel 7 van die Skolewet 84 van 1996 word bevestig.

OGOD juig. Die kerke juig. Die skole juig. Almal kon tog nie gewen het nie? Wie het dan gewen? Dit help as 'n mens die uitspraak opbreek in positiewe en negatiewe beslissings en gevolge vir ons as Christene. Dit bring die uitpraak meer in perspektief.

Positief:

- Ogod het nie gekry wat hulle wou hê nie.
- Die hof het nie godsdiensbeoefening ongrondwetlik verklaar nie.
- Godsdiensbeoefening by skole is nie verbied nie.
- Die ses skole is nie van binne aangekla nie, maar van buite. Hulle was binne hulle beleid. Die regter het bevind hulle was nie ongrondwetlik nie.
- Die wet het nie beweerde onreg van die skole teen leerlinge toegestaan nie.
- Die kragte van beheerliggame is bevestig.
- Skole mag godsdienspraktyke hê, maar dit moet soos in die verlede vry, billik en vrywillig wees.
- Daar is nie uitspraak gegee oor geloofspraktyke nie.

Negatief:

- Skole mag hulle nie as 'n spesifieke geloofskool voorhou of bemark nie.

Dus 'n klomp positiewe implikasies en een sterk negatiewe. Daarom sal ons in wysheid en kundigheid die praktyk moet bestuur binne hierdie uitspraak. Die ses skole het nie verloor nie. OGOD het nie gewen nie. Maar skole sal in wysheid en kundigheid moet optree. Christus mag nie verloën word nie, tog moet die negatiewe deel van die uitspraak verreken word. Dit blyk wel daar is genoeg ruimte en moontlikhede om te kan voortgaan soos tot tans gedoen is. Die uitdagings lê in skoolleuses, liedere, bemarking. Vraagstukke waarvan die antwoord nie dadelik daar is nie.

Die uitdagings is nou:

- Beheerliggame sal moet nuut kyk na hulle godsdiensbeleid. In lyn met Artikel 7 van die Skolewet. Hulle kragte en magte is bevestig. Hulle moet in wysheid handel.
- Skole moet vry, billik en regverdig optree, binne Artikel 7 van die wet. Wysheid word nou benodig, nie dwase optredes nie.
- Daar sal sterk gewaak moet word teen 'n spontane godsdiensneutraliteit uit vrees. Christus is nie neutraal nie.
- Die privatisering van die onderwys vir die verbondsouer is en bly die droom en roeping waar huis en kerk en skool dieselfde leer.
- OGOD staan vir radikale sekularisme en ateïsme. Alhoewel hulle voorgee hulle staan vir gelykheid en neutraliteit, moet hulle vrug met mening bestry en afgeweer word. Christus bo alles en almal.

Ten slotte

Die afgelope hofuitspraak se krag lê waarskynlik nie in die uitspraak self nie, maar in al die gesprekke en beredenering wat losgemaak is in huise, skole, kerke en ons gemeenskappe oor die belang van God in al ons onderrig. 'n Hofuitspraak kan die uitdagings meer maak en die praktyk bemoeilik, maar kan die almag van God nie inperk nie. 'n Hofuitspraak kan Hom nie uit skole haal nie, Hy is alomteenwoordig, maar ons moet verantwoordelike, gehoorsame ouers wees wat roepingsbewus offers bring vir onderwys. DK

ARTIKEL 7 VAN DIE SKOLEWET

"Behoudens die Grondwet en enige toepaslike provinsiale wet kan godsdiensbeoefening by 'n openbare skool gehou word ingevolge reëls wat deur die beheerliggaam uitgevaardig is, indien sodanige beoefening op 'n billike wyse geskied en bywoning daarvan deur leerders en personeellede vry en vrywillig is. Geen uitsluiting mag plaasvind nie."